



28 Julie 2020

Beste ouers, leerders en personeel

Ons vertrou dat met julle goed onder hierdie ongewone omstandighede gaan. Bly asseblief gesond en handhaaf die Covid 19-regulasies. Ons leef onder baie onseker tye en die sluiting van die skole vir vier weke het as 'n groot verrassing gekom. Ons as beheerliggaam en skoolbestuur sal egter alles in ons vermoë doen om leerders die maksimum tyd vir skoolwerk by die skool te kry.

1. Akademiese program.

Die Senior Skoolbestuur het op Maandag 27 Julie 2020 vergader. In samewerking met die beheerliggaam is besluit dat die gr. 8- en 9-leerders op Maandag 3 Augustus hulle eerste skooldag na die grendelperiode sal hê. (Sien aangehegte rooster). Ons het die WKOD op Maandag 27 Julie in kennis gestel.

Die ander drie grade het reeds 'n geleentheid om skool te gaan, gehad. Ons navorsing het gewys dat die werk wat ons op Edmodo en oor WhatsApp behandel het, nie so goed bemeester is nie. Ons is bekommerd oor die kennis en vaardighede van al ons leerders, maar veral van die gr. 8- en 9-leerders. Dus is die teenwoordigheid van leerders by die skool van kardinale belang.

2. Gr. 8- en 9-oriëntering ten opsigte van terugkoms

Die graadhoofde en skoolhoof gaan Donderdag 30 Julie 2020 om 17:00 'n aanlyn oueraand hou. Gr. 8- en 9- ouers en -leerders wat internet toegang het, moet asseblief inskakel. Ons gaan 'n aanbieding om die regulasies by die skool te verduidelik. Die internet skakel vir die vergadering is: <https://tinyurl.com/OHSoueraand>
Ouers wat nie internet toegang het nie, kan 17:00 op die parkeerterrein noord van skool parkeer en op hulle selfone die aanbieding volg. Die hek by Beyers Tehuis sal oop wees.

3. Veiligheid van leerders en personeel

Die regulasies om die skoolterrein veilig te hou moet asseblief deur almal toegepas word. Dit sal verseker dat ons aan elke leerder die maksimum tyd bied om die skoolwerk onder die knie te kry. Ouers moet asseblief hulle besoeke by die skool beperk tot die op- en aflaaï van kinders. Hoe minder voete op die terrein is, hoe kleiner is die gevaar dat die virus versprei.



4. Voorkoms/ Kleredrag

Alle leerders dra vanaf Maandag 3 Augustus elke dag skooldrag. Die seuns mag kort broeke dra, maar ons verkies dat hulle langbroeke dra. Dit gaan bloot oor die verspreiding van die virus. Indien 'n leerder se voorkoms nie volgens die gedragskode van die skool is nie, gaan die ouers gekontak word en hulle moet dan hulle kind by die skool kom haal. Seuns se baarde en snorre moet asseblief afgeskeer wees. Baie dink omdat hulle 'n masker dra, hulle hoef nie te skeer nie.

Die onderwysers wil graag fokus op die inhaal-program van die leerders en daarom is dit leerders se verantwoordelikheid om netjies volgens die skool se reëls te wees.

5. Algemeen

Ons moet mekaar in hierdie onseker tye ondersteun. Indien daar enige krisis is, is ouers welkom om met die betrokke registeronderwyser, graadhoof, vakonderwyser, vakhoof, skoolsielkundige en skoolhoof te skakel. Onthou Kwaggas vir kwaliteit en ons is die skool vir elke kind!

Kwagga groete

C. P. Vorster
Skoolhoof